


GEORGE
THE CITY FOR ALL REASONS



Uitgawe 58 Julie 2022

# Elektrisiteits kapasiteitsbeperkings

Die nuwe elektrisiteitstariewe vir klein verbruikers sal op die kapasiteitsbeperking van elke toevoer gebaseer word. Verbruikers moet die kapasiteit kies wat hulle benodig, maar as hulle dit nie doen nie, sal die munisipaliteit 'n toepaslike kapasiteit kies inagenome hul gemiddelde verbruik.

Byna 90% van klein verbruikers gebruik minder as 600 kWu/m en sal op 'n 20 Amp-kapasiteit geplaas word. Dit beteken dat hierdie verbruikers nie aan enige vaste heffings onderhewig sal wees nie, maar dalk 'n mate van bestuur van hul las sal moet toepas om nie die kapasiteit te oorskry en die toevoer af te skakel nie.

Die tabel hieronder toon die tipiese kapasiteit van verskeie toestelle. Let wel dat nuwe/duurder toestelle doeltreffender kan wees en aansienlik kan verskil. Jy moet jou eie toestelle nagaan.

| TIPIESE KAPASITEIT | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ELEKTRISITEIT | | | | |
| TOEPASSING | No | Watts | Amps | Totale Amps |
| Ligte (CFL / LED) | 6 | 10 | **0,04** | 0,26 |
| TV, DSTV | 1 | 150 | **0,65** | 0,65 |
| Radio/Hi Fi | 1 | 40 | **0,17** | 0,17 |
| Rekenaar | 1 | 100 | **0,43** | 0,43 |
| Telefoonlaaiers. | 3 | 10 | **0,04** | 0,13 |
| Yskas | 1 | 150 | **0,65** | 0,65 |
| Vrieskas | 1 | 150 | **0,65** | 0,65 |
| Broodrooster | 1 | 700 | **3,04** | 3,04 |
| Ketel | 1 | 2000 | **8,70** | 8,70 |
| 2 Plaat stoof | 2 | 1000 | **4,35** | 8,70 |
| Groot stoof plate | 2 | 1700 | **7,39** | 14,78 |
| Oond | 1 | 2400 | **10,43** | 10,43 |
| Strykyster | 1 | 1200 | **5,22** | 5,22 |
| Haardroër ens | 1 | 800 | **3,48** | 3,48 |
| Verwarmer | 1 | 2000 | **8,70** | 8,70 |
| Skottelgoedwasser | 1 | 2000 | **8,70** | 8,70 |
| Wasmasjien | 1 | 2000 | **8,70** | 8,70 |
| Tuimeldroër | 1 | 2000 | **8,70** | 8,70 |
| Geyser | 1 | 2000 | **8,70** | 8,70 |
| Swembadpomp | 1 | 800 | **3,48** | 3,48 |
| Boorgatpomp | 1 | 700 | **3,04** | 3,04 |
| Lugreëling | 8 | 600 | **2,61** | 20,87 |
| Ondervloer verhitting | 1 | 2500 | **10,87** | 10,87 |

**BESTUUR JOU VERBRUIK BINNE 20 AMP KAPASITEIT.** Hierdie afdeling wys hoe las bestuur kan word om nie die 20 Amp-kapasiteit te oorskry nie.

**'n Tipiese lasbestuurs situasie is soos volg:**

- Yskaste, vrieskaste, alarmstelsels, ens. kan heeldag aan wees.

**Wanneer mens na werk by die huis aankom:**

- Skakel ligte, radio, TV, H-fi, rekenaars, laaiers, waaiers en sulke laekragtoestelle aan soos benodig.
- Skeduleer nou die hoëkrag-kooktoestelle: Skakel die ketel aan en wag totdat dit gekook het. Gebruik dan eers die mikrogolfoond om kos te ontdooi, of warm of gaar te maak en roosterbrood te maak.
- Skakel dan eers die stoofplate aan en voltooi al die kosvoorbereiding. Sommige groot stowe het plate wat soveel as 10 ampère gebruik. Nie meer as een hiervan moet gelyktydig aangeskakel word nie.
- Meeste elektriese oonde het kapasiteit naby aan 10 Ampère en moet dus nie saam met die stoofplate gebruik word nie, veral nie beide elemente nie.
- Sodra dit gedoen is, kan 'n mens verwarmers, haardroërs, ens aanskakel.
- Skottelgoedwassers kan gelaai en aangeskakel word wanneer mense gaan slaap. Wasmasjiene en tuimeldroërs moet net aangeskakel word wanneer kook en ruimteverhitting klaar is. Ideaal gesproke moet dit vroeg in die oggend met tydskakelaars beheer word.

Geisers het 'n kapasiteit van 9 tot 13 Amp. Dit kan aan en afgeskakel word met die stroombreker in die verdeelbord, maar dit word aanbeveel om 'n tydskakelaar te installeer om dit slegs gedurende die nag en een of ander tyd gedurende die dag aan te skakel soos hier voorgestel.

24h00-04h00. Nagtyd hoofverhitting.

13h00-15h00 Dag aanvulling indien nodig.

Die meeste geisers word gedurende die oggend- en aandspitstyd deur die munisipaliteit afgeskakel wat in ag geneem moet word wanneer die tydskakelaars gestel word.

Neem asseblief kennis dat die kapasiteit wat gegee word, die maksimum van elke toestel is. Die meeste toestelle het termostate wat die element / motor afskakel wanneer die verlangde temperatuur bereik is of wanneer daar na 'n ander werksmodus oorgagaan word. Hierdie toon 'n baie konserwatiewe berekening.

Die gebruik van die verskillende toestelle soos angedui, word in die tabel hieronder getoon. Waar desimale gebruik word, is om te weerspieël dat die toestelle nie vir die hele tyd vol krag sal gebruik nie.

Die yskas se kompressor sal byvoorbeeld die meeste van die tyd loop terwyl die kos voorberei word, aangesien dit gereeld oop- en toegemaak sal word, terwyl dit nie die geval is wanneer niemand by die huis is nie.

Die volgende tabel toon die kapasiteit benodig van elk van die toestelle en die totale Amps gedurende die geselekteerde tydperke.

Dit wys hoeveel eintlik gedoen kan word met 'n 20 Amp -toevoer. Daar word besef dat die situasie vir elke huishouding anders is, maar dat dit steeds baie buigsaamheid binne elke tydperk toelaat.

Nog 'n manier om verbruikers te help om hul benodIgde kapasiteit te bepaal en uiteindelik te bestuur, is deur die pulse / flitse op die voorafbetalings meters tydens spitsgebruik te gebruik.

| AANSKAKEL TYE | 12h00 | 04h00 | 06h00 | 08h00 | 14h00 | 17h30 | 18h00 | 18h30 | 19h30 | 21h00 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| TOEPASSING TYDPERK | Geyser | Wasgoed was / droog | Ontbyt | Vertrek werk / skool | Geyser Bystan | voedsel voorbereiding | Voedsel gaarmaak | Bak van voedsel | Vertrek verwarming | Skottelgoed was |
| Ligte (CFL / LED) | 1,0 | 1,0 | 6,0 | 1,0 | 1,0 | 6,0 | 6,0 | 6,0 | 6,0 | 3,0 |
| TV, DSTV | - | - | 1,0 | | - | 1,0 | 1,0 | 1,0 | 1,0 | - |
| Radio/Hi Fi | | | 1,0 | | | 1,0 | 1,0 | 1,0 | 1,0 | 1,0 |
| Rekenaar | - | - | 1,0 | 1,0 | - | 1,0 | 1,0 | 1,0 | 1,0 | - |
| Telefoonlaaiers | 3,0 | 4,0 | 4,0 | | | 2,0 | 2,0 | 3,0 | 3,0 | 3,0 |
| Yskas | 0,2 | 0,2 | 1,0 | 1,0 | 0,2 | 1,0 | 1,0 | 1,0 | 1,0 | 1,0 |
| Vrieskas | 0,2 | 0,2 | 1,0 | 1,0 | 0,2 | 1,0 | 1,0 | 1,0 | 1,0 | 1,0 |
| Broodrooster | | | 0,2 | | | 0,2 | | 0,2 | | |
| Ketel | | | 0,1 | | | 1,0 | | | 0,1 | |
| 2 Plaat stoof | | | 2,0 | | | | | | | |
| Groot stoof plate | | | | | | | 2,0 | | | |
| Oond | | | | | | | | 1,0 | | |
| Strykyster | | | 0,5 | | | | | | 0,2 | |
| Haardroër ens | | | 0,2 | | | | | | 0,2 | |
| Verwarmer | | | | | | | | | 1,0 | |
| Skottelgoedwasser | | | | | | | | | | 1,0 |
| Wasmasjien | | 1,0 | | | | | | | | |
| Tuimeldroër | | 1,0 | | | | | | | | |
| Geyser | 1,0 | | | | 1,0 | | | | | |

| AMPS | 12h00 | 04h00 | 06h00 | 08h00 | 14h00 | 17h30 | 18h00 | 18h30 | 19h30 | 21h00 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ligte (CFL / LED) | 0.04 | 0.04 | 0.26 | 0.04 | 0.04 | 0.26 | 0.26 | 0.26 | 0.26 | 0.13 |
| TV, DSTV | - | - | 0.65 | - | - | 0.65 | 0.65 | 0.65 | 0.65 | - |
| Radio/Hi Fi | - | - | 0.17 | - | - | 0.17 | 0.17 | 0.17 | 0.17 | 0.17 |
| Rekenaar | - | - | 0.43 | 0.43 | - | 0.43 | 0.43 | 0.43 | 0.43 | - |
| Waaiers, laaiers. | 0.13 | 0.17 | 0.17 | - | - | 0.09 | 0.09 | 0.13 | 0.13 | 0.13 |
| Yskas | 0.13 | 0.13 | 0.65 | 0.65 | 0.13 | 0.65 | 0.65 | 0.65 | 0.65 | 0.65 |
| Frieskas | 0.13 | 0.13 | 0.65 | 0.65 | 0.13 | 0.65 | 0.65 | 0.65 | 0.65 | 0.65 |
| Broodrooster | - | - | 0.61 | - | - | 0.61 | - | 0.61 | - | - |
| Ketel | - | - | 0.87 | - | - | 8.70 | - | - | 0.87 | - |
| 2 Plaat stoof | - | - | 8.70 | - | - | - | - | - | - | - |
| Groot stoof plate | - | - | - | - | - | - | 14.78 | - | - | - |
| Oond | - | - | - | - | - | - | - | 10.43 | - | - |
| Strykyster | - | - | 2.61 | - | - | - | - | - | 1.04 | - |
| Haar droër ens | - | - | 0.70 | - | - | - | - | - | 0.70 | - |
| Verwarmer | - | - | - | - | - | - | - | - | 8.70 | - |
| Skottelgoedwasser | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 8.70 |
| Wasmasjien | - | 8.70 | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Tuimeldroër | - | 8.70 | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Geyser | 8.70 | - | - | - | 8.70 | - | - | - | - | - |
| AMPS TOTAAL | 9.13 | 17.87 | 16.48 | 1.78 | 9.00 | 12.22 | 17.70 | 14.00 | 14.26 | 10.43 |

**Dit verskaf pulse teen 'n tempo gelyk aan die las:**

**6.5 pulse elke 10 sekondes is 10 Amps**

**12.8 pulse elke 10 sekondes is 20 Amps**

**10 pulse elke 10 sekondes of 1 puls per sekonde is naby aan 16 Amp.**

Wanneer die pulse naby aan 1 per sekonde kom, moet geen verdere toestelle aangeskakel word nie, of dan eers ander toestelle afgeskakel word alvorens nuwes aan te skakel.

Daar is begrip dat die 'n proses is wat tyd sal neem, maar namate verbruikers las begin verskuif en aanpas by "die nuwe normaal" soos vereis deur NERSA en die koste van voorsiening studies, sal hulle die voordeel sien.

*Besoek asb die George-webwerf by https://george.gov.za/electro-technical/electrical-tariff-amendments-2022/ vir verdere inligting ten einde verbruikers in te lig hoe om die nuwe tariewe beter te verstaan, kennis op te doen oor die keuse van kapasiteit en hoe om hul las te bestuur.*

*Wil jy jou energieverbruik bespreek en uitvind wat die beste kapasiteit vir jou behoeftes sal wees, skakel 044 801 9243, hou jou munisipale rekeningnommer en voorafbetaalde meternommer byderhand of e-pos jou navraag na elec.applications@george.gov.za*

*(This Newsletter Vol 58, July 2022 is available in English on the website www.george.gov.za/Documents/MediaDocuments/GM Newsletter with Accounts)*